Waar is God na 11 September 2001?

PREEK: Waterkloof, 13 Januarie 2002

Teks: Pred. 9:11-12 en 11:1-6

Ons is aan die begin van ‘n nuwe jaar ná 11 September 2001. Daardie datum verteenwoordig al hoe meer ‘n simbool, ‘n waterskeidingsmoment. Dit behels die verlies van naïwiteit. Daar het die Amerikaners hulle naïwiteit oor hulle eie veiligheid verloor. 11 Sept verteenwoordig die einde van politieke naïwiteit, maar veral ook godsdienstige naïwiteit. Hoewel daar gedurig dinge in die wêreld gebeur wat die naïewe, kinderlike geloof ernstig bevraagteken, is daar soms net krisisse van so ‘n omvang dat dit mens net nie toelaat om sommer verby te stap nie. Die terroriste-aanvalle op die Twin Towers en die Pentagon is sulke gebeurtenisse. Dit bring ou vrae weer skreiend na vore: Waar is God? Op watter manier, indien wel, is God by hierdie wêreld betrokke? Hoe werk God se beheer, indien Hy enigsins in beheer is? As God dan ‘n God van liefde is, hoe kan hy so iets toelaat? Is daar hoegenaamd ‘n God as daar sulke dinge gebeur?

Daarom was daar onmiddellik na die gebeure ‘n stroom van godsdienstige reaksies.

Ek neem sommige daarvan vandag saam met u in oënskou omdat hierdie vrae oor die teenwoordigheid of afwesigheid van God gedurig met ons is. Van die kleinste tot die grootste gebeurtenisse in ons lewe bring dit vore en ons probeer bewustelik of onbewustelik sin maak uit die voorspoedige en pynlike ervaringe van die lewe.

Daar was veral ‘n paar kenmerkende reaksies waarop ek kortliks wil ingaan, omdat dit reaksies is wat nogal populêr is in die algemene godsdiens:

- Moenie probeer verstaan nie, glo net…

- Minimaliseer die gebeure in die lig van die hemelse heerlikheid
- Verdedig God met ander toevallige positiewe gebeure.
- Verduidelik God se optrede in die lig van sy regverdigheid.

Die eerste reaksie het van hoë Katolieke leiers in New York en Washington gekom. Hulle boodskap aan die mense was om mense te verseker van die goeie bedoelinge van God. Hoe duister en misterieus dinge ookal lyk, hulle moet net bly glo in die goedheid van God. Min mense het die moed om in oomblikke van krisis teen sulke salwende woorde op te staan, maar mens wonder hoe diep dit geglo word en of dit maar net aanvaar word as “religious smooth talk” en daarmee klaar.

Die tweede argument is verwoord deur die bekende Billy Graham. Sy boodskap was eenvoudig net dat tragedie en dood deur hemelse heerlikheid oorwin word. Hy het gesê: “The victims are so happy with God that they would not return even if given the choice.” ‘n Mens wonder hoeveel van ‘n troos dit is. Wat vir my interesant is, is dat Graham, wat bekend is daarvoor dat hy ‘n rigiede soort evangelie verkondig dat net die wat in Jesus glo gered word, nou ewe skielik sommer almal wat in die geboue gesterf het, hemel toe stuur. Maar net nog ‘n aanduiding van hoedat die tradisionele clichés nie antwoorde bied in die lig van sulke traumatiese gebeure nie.

Die derde manier is om God eintlik te probeer verdedig met klein toevallighede. New York se burgemeester, Giuliani het byvoorbeeld in ‘n perskonferensie verwys na die feit dat die St Paul’s Episcopal Chapel, wat in die skadu van die Word Trade Center gestaan het, onbeskadig gelaat is. Dit het hy tot ‘n “wonderwerk” verklaar. Nog ‘n nuusberig het vertel van die ander wonderwerk wat die werksmense teëgekom het. Terwyl hulle besig was om die gemors op te ruim, het hulle op twee groot, swaar yster balke afgekom wat in die vorm van ‘n kruis gelê het. Die berig het verklaar dat dit ‘n “teken van God” is.

Hoewel mens kan verstaan dat mense in ‘n situasie van totale chaos na sulke klein onbenullige toevallighede gryp, is dit tog ‘n baie twyfelagtige manier om met God en sy sogenaamde “wonderwerke” om te gaan. Hoe kan mens ‘n God moreel verdedig wat aan die een kant geen beskerming bied aan 6500 mense wat hulle lewe verloor nie, maar aan die ander kant ‘n leë kerkgebou beskerm?

En dan is daar nog die kru teologie van die fundamentaliste wat probeer om die gebeure te verbind aan God se regverdige straf. ‘n Man met die naam Jerry Falwell het beweer dat hierdie gebeure as die straf van God op die sekularisasie van Amerika gesien moet word. Volgens hom is hierdie ‘n daad van God om die wêreld te waarsku!

Nie een van hierdie populêre tipe van reaksies op die krisisgebeure is bevredigend nie. Omdat dit almal pogings is om God te probeer verklaar binne ons eie denkskema. Binne die populêre denkskema is God daar eenkant besig om die wêreld en die heelal met afstandbeheer te reguleer. Hy druk die knoppies op sy “remote control” op grond van goed en kwaad, op grond van verdienste. Somtyds pas die gebeure van elke dag netjies in by ons denkskema en dan is ons tevrede, somtyds wil dit nie lekker inpas nie en dan kom ons met sulke ongeldige verklarings soos rondom die gebeure van 11 Sept 2001. Verklarings wat eintlik van jou vereis om jou kritiese, gesonde verstand te kruisig.

Die boek Prediker help ons tot groter wysheid.

Pred. 9:11 help ons om bevry te word van die knellende gedagte dat elke dingetjie wat gebeur direk aan God verbind moet word. “Alles word bepaal deur tyd en geleentheid”. Daar is wetmatighede en ook toevallighede wat deel is van die wêreld.

Pred 11:6 help ons om bevry te raak van die gedagte dat elke moontlike gebeure na ‘n oorsaaklikheid waarvoor jy verantwoordelik is teruggevoer moet word. Jy weet eenvoudig nie of die saad wat jy in die oggend saai meer vrug sal oplewer as die wat jy in die middag saai nie, en andersom.

Prediker help ons ten diepste om ons eie godsdienstige denkskemas ook minder ernstig op te neem; om te besef dat ons godsbeelde nie gelykstaan aan God nie; om te besef dat ons nie op enige manier God binne in ons verklarings van gebeure moet probeer vasvat nie. Want die oomblik as ons dit sou kon doen, raak God voorspelbaar en is Hy nie meer God nie, maar ons eie maaksel.

Ek weet nie wat die antwoord is op die vrae wat 11 Sept 2001 opnuut na vore geroep het nie. Maar ek weet dat die tipiese algmene godsdienstige wysheid waarmee mense antwoorde probeer gee, nie werklik geloof by krities-denkende mense bevorder nie.

Nou wil ek net twee voorbeelde noem van, vir my, ‘n meer oortuigende reaksie.

Die eerste is waarvan Elie Wiesel in sy boek “The Night” vertel. Wiesel was self nog ‘n kind toe hy saam met sy pa in die konsentrasiekamp die teregstelling van ander Jode moet deurmaak. Hy onthou van die kind wat ook opgehang is wat die gesig van ‘n “treurige engel” gehad het. Toe die kind opgehang word, het iemand agter hom gekreun: “Waar is God? Waar is Hy? Waar is Hy nou?” Na ‘n ruk het daar ‘n ander stem van agter gekom, wat sê: “Waar? Hier. Hier word Hy nou opgehang aan hierdie galg.”

Die tweede is Wilhelm Jordaan se besinning oor die Word Trade Center gebeure en veral na aanleiding van die val/spring van Norberto Hermandez. Ons onthou almal die treffende foto wat oral gepubliseer is van die man met die wit baadjie wat kop ondertoe uit die brandende gebou val. Ek haal aan uit Jordaan se artikel wat in Beeld verskyn het:

Van hom sê sy broer, Tino: “Hy was ‘n nederige, nederige mens - só betroubaar dat sy bynaam Bybel was.“ En die fotograaf sê: “Ek het nie sy dood afgeneem nie - dit was deel van sy lewe.“

En ek wonder weer oor God. Want ‘n subredakteur verwys behendig (in ‘n voetnoot by die berig) die leser na bladsy 11 om saam te dink oor die vraag: Is God nog in beheer?

Dáár lees ek van dinge soos God se “toelatende wil”; ‘n “kwesbare God” en hoekom slegte dinge met God se goeie mense gebeur. En ek wonder voort oor die betroubaarheid van die Bybel as die “Woord” waarop ek my moet verlaat om God se beheer te begryp.

En ek is effens skaam oor hoe ek, soos seker baie ander mense, my geloof én twyfel bou op enkele verse; ‘n soort van verpersoonlikte vyfde evangelie:

Enersyds vertrouend soos ’n kind, soos dit iewers in Jesaja geskryf staan: “Ek het jou by die naam geroep, jy is myne.“ Maar andersyds effens angstig; bedag op die ontvouende misterie wat net groter word soos wat die sterreboë rek en nog verder wegstrek.

Maar ook dít word mos ondervang - dáár waar Moses by die brandende braambos van God wou weet wie Hy is. En God het hom geantwoord, oënskynlik vaag, maar tog presies: “Ek is wat Ek is.”

Want Hy weet mos van grammatika; dat die vorm van die werkwoord die ou Hebreeuse onvoltooid-teenwoordige tyd is. Wat sê, God is werkwoordelik onvoltooid, oop en voortdurend God in die verbygegane en ontvouende geskiedenis. Altyd in beheer al kruip Hy, soos Hy met Moses gemaak het, agter ’n rotsspleet weg en sien ons net sy rug terwyl ons pleitend smeek om sy gesig.

Daarom is ons gang in die labarint van die tyd tegelyk vertrouend en verwonderd onderweg na die verborge Wonder. Ons waag die sprong na God - altyd verder nader na die wykende, wyderende ster, soos Sheila Cussons sê in die gedig Gebed.

Daarom kneus die foto my: die man wat na sy dood toe spring, doen dit met eerbied vir die lewe. Kyk weer na hom: hy val nie met drama nie, maar met vertroue en presies; met die knieë effens gebuig en die arms gestrek teen die lyf. In sy laaste sekondes is hy waardig in die volmaakte simmetrie van lewe en sterwe…

Sy naam was Norberto

met bynaam Bybel,

prominent in die koerant geplaas

vertikaal

met die beeltenis van hoe stil

hy loodreg val

ín die swaartekrag van God;

hoe rustig in sy tuimel

grond toe

finaal

Om saam te vat: Die oppervlakkige interpretasies van gebeure waardeur trivialiteite, soos twee balke wat in die vorm van ‘n kruis val en ‘n kerkgebou wat ongeskonde bly staan, tot wonderwerke verhef word, help ons nie in ons knellende vrae oor God en sy teenwoordigheid in hierdie wêreld nie. Aan die ander kant is dit ‘n wonderwerk as ons God kan ontdek in menslike egtheid, selfs in die vallende Norberto en die hangende Joodse kind!

God is te vind en maak Homself bekend op die vreemdste maniere. Ons is geseënd as ons Hom raaksien en ervaar. Maar mag ons daarvan bewaar word om God te wil intrek binne die klein bekrompe denkskemas van ons eie intellek en eie kleinlike godsdienstigheid.